#KoffieTyd

Verklaring

Eerstens moet ek my gedagtes, my mond en geloof in lyn kry vir 2020.
Die woorde wat ek verbaliser is 'n direkte refleksie van my geloof aan die binnekant en my woorde het skeppingskrag wat my gaan inlei of weerhou van die sukses wat die Lewende GOD vir my beplan in 2020. God het my die krag gegee om dinge tot stand te bring deur my mond wat direkte uitvloeisel is van my gedagtes.

As ek deur oorloë, tsunamis, orkane en berge moet uitklim in 2020 is my wapens nie vleeslik nie, maar kragtig deur GOD ingegee om vestings en skanse neer te werp. My wapen is: my geloof, my brein en mond. My woorde neem my nader aan my drome of dit verwyder my verder daarvan, ek kies om lewe te spreek om nader aan my sukses te beweeg.

As ek my tong kan beheer, is ek agter die stuurwiel van my lewe in 2020 want dood en lewe is in die mag van die tong en wie dit gebruik sal die vrug daarvan eet. As my woorde en gedagtes in lyn kom met my geloof is ek onstopbaar hierdie jaar. Ek het die vermoë om te seën of te vervloek, om gesond te maak of te verwoes, daarom kies ek seën en lewe.

Geen woord wat ek spreek sal leeg terugkeer na my nie, so nou seën ek myself; Elke spier, weefsel, orgaan, gewrig, bloedsel is nou in perfekte balans met GOD se wil en plan vir my lewe. Ek verklaar volkome genesing, restorasie in my liggaam en geen wapen wat teen my gesmee word sal slaag nie. Ek sal dink en optree soos 'n kampioen, ek sal praat soos 'n oorwinnaar in elke situasie en elke gedagte gevangne neem tot gehoorsaamheid aan Christus en die kennis van die Lewende God.

Ek sal myself oefen in die Woord van die Lewende God en ek sal die vrug van my aksies pluk hierdie jaar deur GOD se genade. Ek verklaar dat my liggaam is die tempel van die Heilige Gees en daarom sal ek my liggaam met respek behandel in wat ek eet, wat ek drink en wat ek met my liggaam doen. Ek spreek lewe in my geloof tot die Lewende God en ek sal HOM nie wantrou as dit sleg gaan en ek nie die redes daartoe verstaan nie. Ek verklaar dat ek in 2020 ten alle tye my geloof sal behou en God behaag in die goeie en slegte.

In my finansies, ek sal nie geld najaag nie, ek sal nie geld dien nie, geld sal my dien want ek is die kop en nie die stert nie, ek is bo en nie onder nie en ek sal nie leen nie, maar uitleen in Yahshua se Naam. Gee, en vir julle sal gegee word: 'n goeie maat, ingestamp, geskud en propvol, sal hulle in julle hande gee.

Met die maat waarmee julle meet, sal ook vir julle gemeet word.” Ek verklaar dat my skatkames vol sal wees en my skure sal oorloop van mos en wyn as teken dat die Lewende God met my is en ek sal as gelukkig ge-ag word.

Ek sal die regte mense om my hê, mense wat my ondersteun en lei as raadgewers en mentors, mense gevul met God se Gees en hulle sal my help in my God-gegewe roeping. Ek is omring met wysheid, krag, raad, sterkte, insig en die vrees vir die Lewende God.My huwelik sal geseënd wees in alle areas met eenheid, liefde, passie en vriendskap.

Ek spreek lewe oor my vrou/man in liefde, blydskap, gelukkig, inspirasie, vasberadenheid en elke woord wat ek teenoor haar/hom sal spreek sal wees een van opbou en bemoediging. Die duiwel het geen mag en gesag oor my vrou/man nie, sy/hy is suksesvol, sy/hy gaan vooruit, sy/hy is geseën en gesalf daarom sal geen onheil naby haar/hom kom nie. Die duiwel het geen plek in my huis nie en in 2020 sal ek en my huis die Lewende God dien, ons sal wandel in die spore van geregtigheid om SY Naam ontwil.

Ek verklaar dat ons in eenheid sal woon en weier dat die duiwel ‘n vastrapplek kry in my huwelik, liggaam, gesin, finansies en geloof. Ons sal volwasse kommunikeer in ons huis sonder vrees en verwerping en ons sal saamwoon met krag, liefde en selfbeheersing. Kampioene hardloop nie weg nie, en ek is ‘n kampioen vir die Lewende God, ek sal nie vrees vir moeilikheid nie, inteendeel sal ek aanval, nie deur krag of geweld nie, maar deur die Gees van die Lewende God. Ons sal vir mekaar veg en die kettings breek van die verlede in Yahshua se Naam.

Ek verklaar dat die Seun van die Lewende God my vry gemaak het, daarom is ek waarlik vry van wellus, gierigheid, haat, trots, jaloersheid, onvergeweings gesindhede, bitterheid, woede, angs, paniek, hartaanvalle en beroertes, ek is vry van dit. Ek is geseënd om ‘n seëning te wees, my hoof is gesalf met vars nuwe olie, my beker loop oor en my tafel is gedek in die teenwoordigheid van my vyande en hulle sal my as gelukkig ag vanweë die Hand van die Lewende God op my lewe. En ek en my huis sal in die huis van die Lewende God bly in lengte van dae,

ek verklaar dit vir 2020

Halelu-Yah.

Menorah Tabernakel
16 Negende Straat, Cloverdene, Benoni

Pastoor Frik Weideman
083 459 5158 | frik@menorahministries.co.za
www.menorahministries.co.za